07/12/2018 55/2018




| BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER: SAOU (WES-KAAP) | MESSAGE FROM THE CHAIRMAN: SAOU (WESTERN CAPE) |
|---|---|
| Nog ‘n jaar het ten einde geloop. Elkeen van ons het ‘n pak kaarte in ons hand gehad, wat ons moes speel. Ek hoop dat u ‘n goeie “hand” gehad het en met tevredenheid kan terugkyk op die jaar. Waar jou “hand” nie so goed was nie – onthou, jy leer uit struikelblokke en slegte ervaringe. Volgende jaar se ‘’kaarte’’ lyk miskien heel anders.<br><br>Aan diegene wat einde van die jaar uit diens tree, ons vertrou dat u kan terugkyk op ‘n suksesvolle loopbaan. Ons hoop dat jy vreugde ervaar het en mooi herinneringe saamneem. Dankie vir u elkeen se bydrae tot Onderwys. Ons vertrou dat die nuwe tydvak in u lewe groot vreugde sal bring.<br><br>Sommige van ons lede begin 2019 in bevorderingsposte. Vir u elkeen wil ons sterkte toewens en mag u van krag tot krag gaan. | Another year has come to an end. Each of us were dealt a pack of cards that we had to play. I hope you had a good “hand” and that you can look back at the year with satisfaction. Where you were not dealt a good “hand”, remember to learn from obstacles and bad experiences. Next year's “cards” may look very different.<br><br>To those who will resign or retire at the end of the year, we trust that you will look back on a successful career. We hope you will have more positive than negative memories. Thank you for your contribution to Education. We trust that the new era in your life will bring you great joy.<br><br>Some of our members will start 2019 in a promotion post. We want to wish you well and may you go from strength to strength. |

FEDUSA
t: 021 9142441 f: 021 9142183 e: saouwk@saou.co.za w: www.saou.co.za
POPLARSTRAAT 39, BELLAIR, BELLVILLE, 7530 / 39 POPLAR STREET, BELLAIR, BELLVILLE, 7530
REG NO: LR2/6/2/531

| | |
|---|---|
| Ek wil spesiaal vir elke PUR-lid van die Wes-Kaap bedank vir u bydrae tot die sukses van die SAOU Wes-Kaap. Graag lys ek die name van die Provinsiale Uitvoerende Raad: | I would like to express a special word of thanks to every PEC member of the Western Cape for their contribution to the success of the SAOU Western Cape. I would like to list the names of the Provincial Executive Council: |
| Johan Smit - Ondervoorsitter (L/S Outeniqua)<br>Shahid Meniers (Edward P/S)<br>Annelie van Maaswinkel (JG Meiring)<br>Erna Joubert (H/S President)<br>Derek von Zeuner (H/S Vredenburg)<br>Belinda Thiart (St Mark's P/S)<br>Willem Engelbrecht (H/S Porterville)<br>Marlene Punt (L/S Hendrik Louw)<br>Daan du Toit (L/S Park)<br>Stephanus Potgieter (Langenhoven Gimnasium)<br>Rudolf Botha (H/S Punt)<br>Wilna van Heerden (Bloemhof)<br>Louis Carstens (De La Bat)<br>Hannes Byleveldt (Pionierskool)<br>Henk Punt (Metropool-Oos Distrikskantoor)<br>Hein van der Merwe (Paarlskool)<br>Sandra Nel (L/S Bastion)<br>Johanna Kotzé (Westcliff)<br>Shamima Lombard (Portavue P/S)<br>Morné Janson en Ohnie Ferreira (Kantoor). | Johan Smit - Deputy Chairperson (P/S Outeniqua)<br>Shahid Meniers (Edward P/S)<br>Annelie van Maaswinkel (JG Meiring)<br>Erna Joubert (H/S President)<br>Derek von Zeuner (H/S Vredenburg)<br>Belinda Thiart (St Mark's P/S)<br>Willem Engelbrecht (H/S Porterville)<br>Marlene Punt (P/S Hendrik Louw)<br>Daan du Toit (P/S Park)<br>Stephanus Potgieter (Langenhoven Gymnasium)<br>Rudolf Botha (H/S Punt)<br>Wilna van Heerden (Bloemhof)<br>Louis Carstens (De La Bat)<br>Hannes Byleveldt (Pioneer School)<br>Henk Punt (Metropole East District Office)<br>Hein van der Merwe (Paarl School)<br>Sandra Nel (P/S Bastion)<br>Johanna Kotzé (Westcliff)<br>Shamima Lombard (Portavue P/S)<br>Morné Janson and Ohnie Ferreira (Office). |
| Met groot hartseer moes ons ook vanjaar afskeid neem van Eddie Labuschagne wat ‘n lid van die PUR was. Sy afsterwe is ‘n groot verlies. | It was with great sadness that we had to say goodbye to Eddie Labuschagne, who was a member of the PEC. His passing brings a great loss. |
| Verder bedank ons die res van die Wes-Kaap kantoor vir hul voortreflike diens aan ons lede. | I also want to thank the rest of the Western Cape office for their excellent service to our members. |
| Ek wil persoonlik ook aan elke SAOU-lid dankie sê vir u bydrae tot onderwys. Maak nie saak watter pos u beklee nie, wees verseker dat u ‘n verskil maak. | A personal word of thanks to each and every SAOU member for your contribution to education. Regardless of the position that you hold, be assured that you are making a difference. |
| Ek lees die volgende raak: Een van die grootste probleme waarmee die jong generasie sukkel, is hoe om goeie maniere aan te leer, as hulle dit nêrens meer sien nie. Met die WKOD se slagspreuk “Transform to Perform” glo ek dat ons as opvoeders respek moet afdwing. Hoe | Recently I read the following: One of the biggest problems that the younger generation must deal with, is how to learn good manners, if they do not see it anymore. With the WCED's slogan “Transform to Perform”, I believe that we as earn |

kry ek dit reg? As ek die volgende drie vrae eerlik kan antwoord:

- Lyk ek elke dag professioneel?
- Tree ek elke dag professioneel op?
- Is my onderrig professioneel?

Die waardegedrewe rigting wat die WKOD inslaan, laat ons lig in die tonnel sien. Ons as opvoeders is eties verantwoordelik om waardes by ons leerders in te skerp. Kom ons ondersteun hierdie inisiatief. Dit kan 'n groot verandering oor 'n tydperk bewerkstellig.

Kollegas, 2019 lê en wag vir ons. Dit gaan sy eie uitdagings stel waarvan die bestuur van verandering deel gaan wees. Positiewe veranderinge bring positiewe gedagtes wat tot sukses lei. Dié wat nie saam met positiewe veranderinge kan beweeg nie, gaan stagneer. Ons moet verandering aangryp en uitbou vir 'n beter toekoms vir ons land.

Rus lekker die vakansie. Geniet elke dag die wonder van lewe. Tyd het 'n manier om vinnig uit te loop. Kom volgende jaar terug met 'n huppel in jou stap vir die nuwe jaar.

Groete

Kobus Esterhuizen
Voorsitter: SAOU (Wes-Kaap)

educators, must impose our respect. I can only respect if I am honest with myself with regard to the following three questions:

- Do I look professional every day?
- Do I act professional every day?
- Is my teaching professional?

The value-driven direction that the WCED promotes, is a light at the end of the tunnel. We, as educators, are ethically responsible for improving values among our learners. Let us join the initiative. This initiative has the potential to create a major change over a period of time.

Colleagues, 2019 is just around the corner. It will be filled with brand new challenges of which adjusting to a changing environment is one of the biggest. A positive mindset for adjusting to change will lead to success. Those who cannot adapt to a positive mindset, will stagnate. We need to embrace change and expand for a better future for our country.

Use this holiday to relax and enjoy the miracle of life on a daily basis. Time has a way to go by fast. Return next year with recharged energy for the new year.

Regards

Kobus Esterhuizen
Chairperson: SAOU (Western Cape)







t: 012 436 0900 | 086 072 6843 f: 012 348 9658 e: saou@saou.co.za w: www.saou.co.za
PO BOX/POSBUS 90120, GARSFONTEIN, PTA, 0042 | 278 SERENESTRAAT/SERENE STREET, GARSFONTEIN, PTA
REG NO: LR2/6/2/531

*Volg ons op Facebook Follow us on Facebook*
*SAOU Wes-Kaap*